

**16 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 5:1-18**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 5:3**

### **Elke mens kan 'n instrument in God se hand wees**

Dit is tog so maklik om te sê: “Ek kan nie!” Of: “Dit gaan tog nie help nie!” Of: “Iemand anders kan dit maar doen!” Die dogtertjie in ons teksvers kon ook baie negatief in haar gedagtes gewees het, maar sy kom met 'n positiewe voorstel, eintlik maar bloot 'n versugting. Dit bestaan uit 'n enkele sin, maar sit 'n kettingreaksie aan die gang waardeur God die eer kry, selfs van mense wat Hom nooit geken of erken het nie. Ja, selfs toe Naäman opstandig is oor die opdrag van die profeet, por sy metgeselle hom aan om tog maar Elisa se instruksies uit te voer – met 'n wonderlike afloop. Nie net word hy liggaamlik gesond nie, maar ook geestelik. Die belangrikste is dat God erken en geloof word.

Wat het van die dogtertjie geword? Het sy erkenning gekry? Ons hoor niks verder daarvan nie. Dit gaan ook nie daarom nie, want in ons diens tot eer van God gaan dit nie om eie erkenning nie, maar om die evangelie te verkondig. Ons moet instrumenteel daarin wees dat mense God sal erken. Ons doen dit nie om iets te verdien nie, maar omdat God in en deur Christus reeds vir ons so baie verdien het. Ons doen dit uit dankbaarheid en verder kan ons alles in die hande van God laat wat die groei gee.

Ons is geroep om te plant en nat te maak (1 Kor 3). God sal volgens sy wil en tyd die groei gee. Ons moet net leer om ontslae te raak van die: “Ek kan nie!” In die plek daarvan moet ons kan sê: “Hier is ek Here, gebruik my!”. Gryp elke geleentheid aan, al lyk dit hoe onbenullig. God is almagtig en kan uit niks baie verrig.

*Sing: Psalm 119:2,13 Ds P Fanoy (Ontdekkers)*